

PREEKSKETS: MATTEUS 18:1–14

Die gedeelte waarna ons geluister het, word vooraf gegaan deur die vraag: *“Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?”*

Die antwoord hierop is baie belangrik. Want ook my en jou se diepste verlanke, is om belangrik te wees en te voel. In ons gebroke wêreld geld net een reël: Die grootste en die sterkste is die belangrikste!

Christus leer: *“Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel”*. Met hierdie woorde leer Jesus dat daar by ons ’n verandering van dink moet plaasvind. Ons moet van ons eie en die wêreld se manier van dink wegdraai. Die kindjie wat Jesus hier gebruik, was nog te klein om iets te doen sodat sy pa hom op sy skouer kon klop.

Ek raak belangrik voor God wanneer ek weet dat as ek vandag vir enige iemand iets van waarde wil wees, dan moet God in sy groot genade en liefde alles wat ek daarvoor nodig het, vir my gee. Op ons eie is dit onmoontlik. Op ons eie gaan ons altyd in die oë van mense en die wêreld belangrik wil wees. Is Jesus se oproep nie dalk te veel gevra nie?

Jesus vra nie van ons iets wat Hyself nie by uitnemendheid gedoen het nie (Lees Fil. 2:5-11). As ons almal saam rondom ’n doopvont vergader, herinner Hy ons daaraan dat ons ook elkeen gedoop is. Reeds toe ons nog babatjies was, het ons ouers ons na die doopvont gebring en toe het hulle al bely dat ons in onself tot niks goeds instaat is nie en dat ons, ons hulp en krag buite onself in Christus soek. Toe al het hulle aan die heerlike belofte vasgehou dat God deur sy Gees ons in ons geloof in Christus sal laat groei. Die doop laat ons opnuut besef dat ons in alles soos klein kindertjies van God afhanklik is. Vir Christen ouers is dit ook hier, in totale afhanklikheid van God, waar ouerskap plaasvind.

As Christus ons na Hom toe roep, leer Hy ons ook HOE om hierdie hartsgesindheid in die praktyk van die lewe uit te leef. Ons hoor Hom sê: *“EN WIE SO ’N KINDJIE IN MY NAAM ONTVANG, ONTVANG MY.”*

Hoe gaan ek weet daar is ’n kindergesindheid in iemand se hart? Ek gaan dit sien in wie die mense is wat hy in hulle lewens *“ontvang”*. Wie is die mense wat welkom is in jou lewe? Elders in die evangelies het die belangrike mense van Jerusalem na Jesus gewys en gesê: *“Kyk daar, ’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van tollenaars en sondaars”*.

Jesus draai nie doekies om nie. Hy weet dat ons so graag wil hê mense moet dink ek is volgens wêreldse standaarde belangrik. Met hierdie beeld van 'n “meulsteen om die nek in die diep see verdrink”, wil Jesus ons NIE leer dat die geringste sonde wat ek doen, op my ewige verdoemenis gaan uit loop nie. Hy leer ons dat as my hele lewe beskryf kan word as iemand wat net altyd in die oë van die wêreld belangrik wou wees, dan is ek soos 'n kameel en die poorte van hemel is vir my so groot soos 'n naald se oog. Na Jesus se skerp woorde, moes Hyself besef het dat dit vir ons bitter moeilik is om in eie krag weg te draai van die wêreldse idee van belangrik wees en dat dit vir ons nog moeiliker is om ons kinders ook so te leer. Ons kyk so verkeerd na dinge en ons doen so verkeerd. DAAROM DEEL HY IN DIE GELYKENIS VAN DIE VERLORE SKAAP IETS VAN GOD SE VADERHART MET ONS. Kyk na God se hart wat die onbelangrikste opsoek en hom styf teen sy bors vas druk!

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKGROEPE

1. In Mat. 5:3 leer Jesus ons hoe om die eerste tree die koninkryk van God in te gaan. Lees die vers (veral ook in OAV) en bespreek in die groep.
2. Oordink Jak. 4:6 en bespreek die rede hoekom God hoogmoed so haat.
3. In Mat. 25:31-46 leer Christus ons wie die “geringste” onder ons is. Waar kan jy in 'n “geringste” se lewe betrokke raak?
4. Wat leer ons van God in Jes. 40:10-11?

Jesaja 40:10–11 = ¹⁰ *Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom.* ¹¹ *Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.”*